

Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Maart 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 134:1, 2 (p. 653)

- 1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!
- 2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande^o en pleit, / as alles rus in donkerheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 66:1, 7 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Gebed

Psalm 110:1, 5 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER,
tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 5 Groot-Priester wat die HEER so hoog geëer het / dat U kan opstyg tot die hoogste trap –
U is dit na die eed wat God gesweer het, / na Melgisédeks eewge priesterskap!

Skriflesing: Hebreërs 7:1-28; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:31

Kernvers: Hebreërs 7:25

Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

(Hebreërs 7:25 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

Tema: Jesus Christus – die enigste Hoëpriester

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondagaand se gesprek met die ongelowige vraagsteller het gehandel oor die profetiese ampswerk van Jesus. In sy woorde en werke het Jesus verklaar sodat mense God behoorlik kan leer ken. Maar nog meer, Hy het ook die verborge raad en wil van God aangaande die verlossing van mense ten volle bekend gemaak. As Profeet wys Christus dus die pad van verlossing vir hulle aan. Hy self is die weg, die waarheid en die lewe. Net deur Hom kan 'n sondaar terugkom by God die Vader (Joh 14:6).

In vanaand se gesprek kom die gelowige by die hoëpriesterlike deel van Jesus se ampswerk. In antwoord op die vraag het die gelowige soos volg oor hierdie deel van Jesus Christus se ampswerk gesê: **Jesus is deur die Vader bevestig en met die Heilige Gees gesalf tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbeding gedurig deur by die Vader vir ons intree.**

Wanneer ons by die hoëpriesterlike deel van Jesus se ampswerk kom, kom ons as 't ware by die kern van die evangelie. Let op, dit gaan nou oor die offer wat Jesus Christus aan die kruis gebring het. Die kruisdood van Jesus Christus is die enigste rede waarom God mense hulle sondes kan vergewe. Die loon van die sonde is die dood en Jesus Christus het met sy sterwe aan die kruis daardie dood in die plek van gelowiges gesterf. Wie dus met sy hart glo en met sy mond bely dat Jesus ook in sy plek aan die kruis gesterf het, kan deur God vergewe word vir sy sondes.

Maar 'n hoëpriester se werk was nie net om offers te bring nie. Hy moes ook vir die volk bid tot God. Daarom bely die gelowige in hierdie antwoord dat Jesus ook voortdurend voorbeding vir hom by die Vader doen.

Plaas 'n mens die profetiese en hoëpriesterlike werk van Christus langs mekaar sien 'n mens iets baie merkwaardigs raak. As Profeet het Jesus God se raad en wil aangaande die verlossing van sondaars aan mense bekend gemaak. 'n Profeet bring dus God se Woord na mense toe. As Hoëpriester het Jesus in die plek van sondaars voor God verskyn. God het as regverdige Regter sy Seun tot die kruisdood veroordeel vir die sondes van mense. Die gelowiges moes in werklikheid self vir hulle sondes gesterf het, maar Christus het dit in hulle plek gedoen. En daarby tree Hy nog voortdurend vir hulle by die Vader in. Hy stel nog elke dag hulle saak voor die Vader in gebed.

Om hierdie deel van Christus se ampswerk aan die ongelowige duidelik te maak, lei die Heilige Gees die gelowige na die laaste nege verse in Hebreërs 7. In hierdie verse is daar drie redes waarom Jesus die enigste Hoëpriester vir gelowiges is. Die eerste rede staan in verse 20 tot 22 geskryf. Dit gaan oor die eed wat God gesweer het in verband met Jesus se priesterskap.

Dit gaan hier oor die verskil tussen die Leviëte wat priesters was en Jesus se priesterskap. Leviëte het priesters geword sonder dat God 'n eed gesweer het. Die Leviëte is as priesters bevestig net op grond van God se bevel aan Moses. Omdat hierdie manne uit die stam van Levi kom, kon hulle so te sê outomaties as priesters diens doen by die altaar wanneer hulle in die diens bevestig is. Maar aangesien Jesus nie uit die stam Levi nie maar uit die stam van Juda voortspruit, sê die Here aangaan die priesterskap van sy Seun:

Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. (Hebreërs 7:22 AFR53)

God kan nie en sal nie lieg nie, daarom is sy belofte rakende die priesterskap van Jesus ook die volle waarheid. Maar nou bevestig Hy hierdie belofte ook nog met 'n eed wat Hy sweer. Om die waarheid te sê, God se belofte aangaande Jesus se priesterskap word op elke denkbare manier beklemtoon – dit word onderstreep en in vet letters gedruk met 'n uitroepteken agterna – sodat ons seker sal wees en nooit daarvoor twyfel nie – Jesus is vir ewig priester volgens die orde van Melgisédek! En so asof sy Woord en eed nog nie genoeg is nie sê die Here ook: *en dit sal Hom nie berou nie*. Dat God vir Jesus as ewige Hoëpriester aangestel het, sal Hom nooit teleurstel nie. Daarom sal Hy ook nie op sy woord teruggaan en Jesus van sy priesterskap onthef nie.

Deur die eed wat God aangaande Jesus se priesterskap gesweer het, het Jesus van 'n beter verbond borg geword. Ons weet nou al dat die Naam Jesus beteken *die HERE verlos*. En 'n borg is iemand wat sê dat hy bereid is om iemand anders se skuld te betaal. Jesus het Homself as ons Hoëpriester aan die kruis geoffer oor mense se sondes. Hy het sondaars se skuld betaal wat hulle nooit self sou kon betaal nie. Daarom is Hy waarlik die borg van 'n beter verbond.

God het dus 'n eed gesweer dat Jesus vir ewig priester is volgens die orde van Melgisedek, en Hy sal nooit teruggaan op sy Woord nie. Jesus is dus 'n beter Hoëpriester as enige Levitiese priester.

Daar is egter nog 'n verskil tussen die Leviete as priesters en Jesus as ewige Hoëpriester wat in vers 23 tot 25 geskryf staan. Hier gaan dit oor die baie priesters uit die stam van Levi wat daar was, maar noudat Jesus gekom het, is daar nie nog ander priesters nodig nie. Jesus is die enigste Hoëpriester omdat Hy vir ewig lewe.

Die dood het verhinder dat die priesters uit die stam van Levi kon aanbly, want hulle was almal sterflike mense. Na die dood van elke hoëpriester moes 'n ander een in sy plek aangestel word. Met Jesus is dit heeltemal anders. Hy het inderdaad aan die kruis gesterf vir die sondes van mense en Hy is begrawe. Na drie dae het God Hom uit die dood opgewek en nou kan Hy nooit weer sterf nie. Daarom besit Hy vir ewig die priesterskap en dit sal nooit na iemand anders oorgaan nie.

Dit is noodsaaklik dat Jesus vir ewig die enigste Hoëpriester van gelowiges bly. As Hoëpriester het Hy eens en vir altyd die offer gebring wat nodig was sodat mense van hulle sondes en van God se oordeel verlos kan word. Maar selfs verlore mense is nog sondaars wat daagliks die vergifnis van God nodig het. En dit bring ons by die tweede rede waarom Jesus die enigste Hoëpriester kan wees. Luister net hoe skryf die Heilige Gees dit:

Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. (Hebreërs 7:25 AFR53)

Hierdie woorde beklemtoon nogeens die verskil tussen die Levitiese priesters en Jesus as die ewige Hoëpriester. Die Levitiese priesters het op bevel van God die offers gebring soos Hy voorgeskryf het, maar daardie werk van die Levitiese priesters kan nie die gelowiges van God se oordeel red nie. Hulle seremoniële diens het die reddende werk van die Verlosser hoogstens afgebeeld. Wat die Levitiese priesters nie kan doen nie, kan Jesus doen. Hy kan mense volkome red van God se oordeel.

Wanneer die Here praat van mense wat gered word, bedoel Hy nie dat Jesus gekom het om reddingsboeie uit te gooi vir almal wat aan die spartel was om aan die lewe te bly nie.

Jesus het ook nie gekom om ons maar so 'n stootjie in die regte rigting te gee omdat mense so bietjie verdwaal het nie. Hy het in die see van mense ingekom om lewe in hulle in te blaas omdat hulle klaar verdrink het en dood is as gevolg van hulle sondes en oortredings. Sonder Jesus se verlossingswerk is daar geen manier dat mense ooit gered kan word nie.

Almal was weens hulle oortredings en sondes op pad na die ewige oordeel van God. En as God iemand tot die ewige dood veroordeel het, is daar glad nie meer 'n kans om gered te word nie. In sy groot barmhartigheid het God juis sy Seun gestuur om mense van die toorn en oordeel van God te red.

Hierdie verlossingswerk van Jesus was nie net effektief toe Hy twee duisend jaar gelede aan die kruis gesterf het en na drie dae opgewek is nie. Die woord wat ons met *volkome* vertaal, kan ook met *vir altyd* vertaal word. Jesus se verlossingswerk is vandag nog net so effektief soos destyds. En dit sal oor 'n honderd jaar nog net so effektief wees omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

'n Mens kan slegs deur Jesus tot God nader. En elke gelowige het die voorreg om self deur Jesus tot God te nader. Wanneer 'n gelowige tot die heilige God nader, moet daar iemand wees wat gereed is om sy sondes voor die aangesig van God te bedek. Jesus is die enigste Een wat dit kan doen en Hy wil dit vir die gelowiges doen. Hy leef altyd by God om vir hulle te bid dat wanneer hulle versoek word hulle geloof nie sal ophou nie.

En gebeur dit dat 'n gelowige struikel en diep en ver in die sonde val omdat hyself nie nugter was en gebid het nie, het Hy steeds vir Jesus as Hoëpriester aan die regterhand van God wat sy verlossing waarborg. Sy teenwoordigheid by die Vader en sy volkome betaling van al die gelowige se sondeskuld met sy bloed, gee aan hom die waarborg: As ek sonde gedoen het, kan ek deur Jesus tot God nader, want ek het 'n Voorspraak by die Vader – Jesus Christus, die Regverdige (1 Joh 2:1).

God se eed aangaande Jesus se priesterskap en die feit dat Jesus ewig lewe en aanhoudend vir ons intree by die Vader, is die eerste twee redes waarom Jesus as Hoëpriester ver verhewe is bo die Levitiese priesters. Die derde rede is omdat Jesus volkome heilig is en Homself in gelowiges se plek as die volmaakte offer geoffer het. Dit is immers so 'n hoëpriester wat mense nodig het vir die benarde toestand waarin hulle is. En nou stapel die Heilige Gees vyf begrippe opmekaar om te beklemtoon dat Jesus volkome heilig is.

Hy begin met heilig. Jesus is heilig, want Hy is volkome aan God toegewy en dit is vir Hom onmoontlik om sonde te doen. Aangesien Hy heilig is, is Hy ook onskuldig en onbesmet. In sy gesindheid en handeling is daar geen vlek te bespeur nie. Toe die Joodse raad getuienis gesoek het om Jesus veroordeel te kry, was daar nie een wat 'n verkeerde woord of daad by Hom kon uitwys nie.

Hy is ook afgeskeie van die sondaars. Tydens sy lewe op aarde het Jesus in gemeenskap met sondaars gelewe, maar hulle onreinheid het nooit op Hom afgesmeer nie. En nou is Hy afgeskeie van die sondaars, want Hy het hoër as die hemele geword. Omdat sy verlossingswerk op aarde volledig klaar was, het sy Vader Hom by Hom in die hemel opgeneem. Die Vader het inderdaad sy Seun verheerlik.

Omdat Jesus aan al die vereistes voldoen om waarlik Verlosser van mense te wees, is dit nie nodig dat Hy daaglik offers moet bring soos die Levitiese priesters nie. Die offer wat

Hy gebring het, was nie eers vir sy eie sonde nie, want Hy het nie sonde nie. Sy offer is geheel en al net bedoel vir die sondes van mense. En omdat Hy so volkome heilig is, is die offer wat Hy gebring het volmaak, want Hy het Homself in die plek van sondaars geoffer. Die wet het mense met swakhede as hoëpriesters aangestel, maar met die eedswering het God sy eie Seun aangestel en Hy is vir ewig volmaak (Heb 7:28).

Om die drie redes net weer saam te vat, sê die gelowige aan die vraagsteller: Jesus is die enigste en ewige Hoëpriester wat God aangestel het vir mense, omdat:

- God met 'n eed bevestig het dat sy Seun vir ewig Hoëpriester is en Jesus vir ewig lewe;
- Jesus as Hoëpriester altyd by God vir die gelowiges bid; en
- Jesus al die eienskappe het wat nodig is om ewig Hoëpriester te wees – Hy is heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars, en hoër as die hemele.

Vir gelowiges is Jesus Christus se hoëpriesterskap 'n groot troos. As Hoëpriester is Jesus die Een wat offer en Hy is tegelykertyd self die offerande. Hy het sy volmaak heilige lewe vir die gelowige aan die kruis geoffer. Daar is nie 'n beter offer as hierdie een nie. God het ook hierdie offer van sy Seun aanvaar, daarom het Hy sy Seun opgewek om vir ewig te lewe. Verder is die gelowige ook verseker dat hy niemand anders nie behalwe Jesus Christus nodig het om sy saak by God te stel. En daarvan verseker die Here die gelowige ook. Jesus tree voortdurend by die Vader vir die gelowiges in en pleit dat God hulle sal vergewe. En God verhoor elke keer sy Seun se gebede.

Vir die ongelowige vraagsteller is Jesus Christus se hoëpriesterskap 'n groot genade. Daar is geen ander manier om by God uit te kom nie behalwe deur Jesus Christus. As Profeet wys Jesus die pad na verlossing aan. En as Hoëpriester het Hy die pad met sy eie liggaam en bloed gemaak. Niemand se sonde is te groot of te veel vir Jesus Christus nie. Wie sy toevlug tot Jesus Christus die gekruisigde neem, het in Hom alles wat hy nodig het om weer in genade by God aangeneem te word.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^oaan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^oof offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.